Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za** **Uitgawe 61:** 23 September 2015

TYD WAG VIR NIEMAND NIE!

Ons almal word telkemale opnuut gekonfronteer met die realiteit dat tyd nooit stilstaan nie, en dat geleenthede soms onbenut verbygaan. Spyt oor verlore geleenthede kom altyd te laat, en daarom moet ons gereeld besin oor wat werklik belangrik is in hierdie lewe.

Die gejaagdheid van ons hedendaagse bestaan, en daarmee saam die verstommende ontwikkelinge in tegnologie, bring dikwels mee dat prioriteite vervaag en ons maklik verval in 'n dag-tot-dag gejaag na oppervlakkige en niksseggende doelwitte.

Daarom dan opnuut die oproep dat elke leerder, en elke huisgesin, werklik erns daarmee sal maak om te gaan besin oor dit wat **nou** die belangrikste is. Soos vroeër reeds gemeld is, spoed hierdie jaar blitsig na sy einde, en die belangrikste eksamen van die jaar lê voor. Elkeen behoort nou 'n studie-rooster te hê en daarby te hou. Die vakansie wat voorlê moet benut word om aandag te gee aan werk wat vroeër vanjaar behandel is. Om hard te leer beteken nie om 'n dag voor die eksamen deurnag te sit en leer nie!

Almal kan ook baie meer moeite daarmee doen om selfoondissipline in hierdie tyd toe te pas. Dis ONMOONTLIK om met volle aandag te studeer en 'n selfoon naby jou te hê.

Die eindeksamen is BAIE belangrik. Die Graad 11's gebruik hierdie punte vir Universiteits-aansoeke volgende jaar. Almal se bevordering na 'n volgende Graad word deur hierdie punte bepaal. Gebruik die tyd NOU!

BOKDAG GROOT SUKSES – MB BEGIN GOED!

Die Monitorbestuur het verlede Vrydag hul termyn afgeskop met 'n pragtige inisiatief. 'n "Sivvie-dag" is gereël, maar met die verskil dat leerders iets moes aantrek waarmee hulle hul ondersteuning aan die Springbokke wys. Die reaksie van die leerders was oorweldigend en amper almal het meegedoen.

'n Verdere inisiatief was om 'n video te maak waar die leerders op die pawiljoen vergader en "Ons vir jou Suid-Afrika", onder die uiters bekwame voorsang van Kyle Snyman, uit volle bors gesing het. Daarna is 'n reuse S A op die veld gevorm. Alles is op kamera vasgevang, en intussen het een van ons ouers gereël dat die gebeure ook vanuit die lug gefotografeer is.

Die eindproduk is toe aan Patric Lambie gestuur, waarop hy met groot waardering en dankbaarheid geantwoord het.

Baie geluk aan die nuwe MB, en in besonder ons vier hoofleiers, vir hierdie pragtige inisiatief. Die gees is sommer lekker wakker geskud, en om alles te kroon is die opbrengs van die dag aan die Northern Lights-skool vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes, geskenk. Dit was 'n besondere dag!

ONTHOU!!!

Die Klaagliedere van Ds. Tienie Benade
Donderdag 1 Oktober
Skoolsaal – R80 pp.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Wian Dorfling 8A
Demoné Gouws 11C
Chandré van der Merwe 9G

Sondag
Laurika Botha 10D
Gideon Coertzen 10A
Nicole Jacobs 10G
Monya Meyer 10C

Maandag
Duane Hanekom 10G
Megan Kilian 10B
Tristin Oelofsen 9D
Jacobus Stadler 9G

Dinsdag
Deané Basson 10A
Claude Groenewald 8G
Marno Scheepers 11D

Woensdag
Dylan Field 11D
Manie Thiart 11B

Donderdag
Bianca Els 12H
Lianca Harpestad 8F
Simoun Jacobs 8C
Chanté Loock 8E
Carissa Struwig 11A

Vrydag
Waldo Abrahams 12B
Delandró Barnard 11F
Drian Griesel 12B
Paul-Leon Lourens 10B
Chané Minnie 11G

PRESTASIES, UITSLAE EN AKADEMIE

SLIMKOPPE HOU ONS NAAM HOOG!

Drie van ons leerders is onlangs gekies om die Oos-Kaap te in die Suid-Afrikaanse Wiskunde-spankompetisie te verteenwoordig, wat op Saterdag 12 September plaasgevind het. Hulle is Megan Tait, wat gekies is as kaptein van die Junior A-span, en Jacquetta Puchert en Paul Leon Lourens, wat beide lede was van die Senior spanne.

In elke afdeling het daar meer as 50 spanne deelgeneem en die Oos-Kaap-spanne het baie goed gevaar. Die Senior A-span het 7de, en die B-span 15de uit 58 geeïndig. Die Junior A-span was 14de uit 54 spanne en die B-span 22ste.

Skitterend julle drie! Dis 'n wonderlike prestasie om jul provinsie op so 'n hoë vlak te verteenwoordig!



TIAN EN VIAAN OORSEE

Tian Smith en Viaan Wolmarans is beide vroeër vanjaar ingesluit in die Suid-Afrikaanse Binneshuise Krieketspan.

Hier is hulle afgeneem op die lughawe met hul vertrek om hul land in 'n internasionale toernooi te gaan verteenwoordig.

Framesby is baie trots op die twee manne, en ons wens hulle graag hiermee baie sterkte toe en hoop dit sal baie goed gaan met ons span daar in die vreemde. Dis voorwaar 'n besondere prestasie om jou land te verteenwoordig, en is die beloning vir baie harde werk en toewyding.

TWEEKAMP-ATLETE HAAL DIE OP-SPAN

Twaalf Framesby-atlete is onlangs gekies om die OP op 3 Oktober by 'n interprovinsiale byeenkoms in Bloemfontein te verteenwoordig.

Ian Gerber, Brendan Welsh, Deandre van der Merwe, Lara de Bloe, Chane Petzer en Bridget Hart is almal in die A-span opgeneem. Vicky Oelofse; Amore Terblanche en Chanel Kelsey het die B-span gehaal, terwyl Cobus Stadler, Gerrida Stadler en Sonika Nel in die C-span opgeneem is.
Baie geluk en baie sterkte aan al hierdie atlete!

TOETSREEKSROOSTER VIR VOLGENDE WEEK

	SESSIE	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11
Maandag 28 September	1	Sosiale Wetenskappe	Natuurwetenskap	Wiskunde Wisk. Geletterdheid	Fisiese Wetenskappe
	2	Sosiale Wetenskappe	Natuurwetenskap		Toerisme
Dinsdag 29 September	1	EBW	Tegnologie	Afrikaans	CAT
	2			Verbruikerstudie	IGO
Woensdag 30 September	1	Tegnologie		English	Lewenswetenskap
	2			Musiek Geografie	IT Musiek
Donderdag 1 Oktober	1	English	Afrikaans	Besigheidstudies	Rekeningkunde
	2				

BOKDAG EN BOU-PROJEK

Die wal se laaste dag!

Die projek kry "shape"!

ALGEMEEN EN SIELSKOS

EENSAAMHEID

EENSAAMHEID kan in 'n mens se lewe 'n knaende pyn wees en 'n innerlike leemte veroorsaak waarvan baie mense niks verstaan nie. Dink hier maar net aan diegene wat as enkelpersone deur die lewe moet gaan omdat hulle miskien nooit 'n lewensmaat ontmoet het nie, of omdat hulle 'n lewensmaat verloor het of in hul liefde teleurgestel is, of omdat hulle om welke rede ook al eenvoudig net alleen is. By baie van hierdie mense leef die normale verlange na iemand wat naby is, aan wie jy jouself heeltemal kan toevertrou, na die geborgenheid van 'n huwelik of na kindertjies van hul eie. Hoe goed hulle dit ook al verberg, vir wie hulle ken, is dit duidelik dat hulle 'n groot stuk eensaamheid moet verwerk. Die versoeking is altyd om op een of ander manier wat sedelik onaanvaarbaar is, die eensaamheid te verdryf. Maar dit is vernietigend, veral vir sensitiewe en gelowige mense. Dit kan nooit die hunkering van die hart bevredig nie. In 'n baie reële sin is ons magteloos om veel vir sulke mense in hul eensaamheid te kan doen. Ons skuld hulle vriendskap, aanvaarding en deernis, en hulle kan dit opreg waardeer, maar dit los hul eintlike probleem nie op nie. Soos in so baie ander omstandighede waarin mense tereg kan kom, is ook hulle in laaste instansie op hulself aangewese om te leer om met hierdie situasie te lewe. Dit kan hulle alleen doen as hulle hul gemis kan relativeer, dit in perspektief leer sien en dit daarom ook aanvaar. Dit is waar dat hulle 'n kruis ontvang het wat swaar is om te dra. Maar die lewe self is meer as die dinge wat hulle moet ontbeer. Hul eensaamheid hoef nie te beteken dat hulle nie hul lewensroeping kan vervul nie, of in baie opsigte kan presteer en 'n spesifieke diens in die wêreld kan lewer. Hulle moet dit net ontdek en besluit om hulle daaraan te wy, ongeag die leemte in die hart. Lewensgeluk is ook nie vanself gegee met die seëninge wat bv. aan 'n huwelik verbind kan wees nie. Baie huwelike is trouens erger as eensaamheid. Eensaamheid is ook nie die enigste kruis wat 'n mens kan dra nie. Daar is dinge wat pynliker is as om die nabyheid van 'n lewensmaat te moet ontbeer. Die geheim van 'n suksesvolle en vreugdevolle lewe is nie daarin geleë dat ons al ons hartsbegeertes ontvang nie, maar dat ons oorwinnend leer lewe in die situasie waarin ons gestel is. Baie eensame mense is vir andere daar op 'n wyse en in 'n wyer kring as wat ooit moontlik sou gewees het as hulle die sorge van 'n huwelik en huisgesin sou gehad het. Met God kan elke minus in 'n plus verander word. Op 'n ongedagte wyse kan die lewe van die eensames miskien in die koninkryk van God vrugbaarder wees as dié van menige getroude. Die vraag is maar of hulle daarvoor beskikbaar is.

Uit *Die Burger* 3 Junie 1989

ERFENISDAG WATTER ERFENIS?

Vir die meeste van ons het "Erfenisdag" wat môre gevier word, min betekenis, behalwe dat die 'n vakansiedag is, en in die geval van die onderwys, 'n lekker langnaweek in die sak bring! Tog behoort ons te besin oor dit wat ons alles ge-erf van ons voorgeslagte. Daarom is dit dalk goed om weer te kyk na "*Die Stem van Suid-Afrika*" deur CJ Langenhoven. Hierdie gedig som ons erfenis baie mooi op en herinner ons opnuut aan die voorreg van Suid-Afrikanerskap!

Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee,
Deur ons ver-verlate vlaktes met die kreun van ossewa -
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika.
Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe - ons vir jou, Suid-Afrika.

In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
In ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf -
Deel geen ander land ons Iiefde, trek geen ander trou ons af.
Vaderland! ons sal die adel van jou naam met ere dra:
Waar en trou as Afrikaners - kinders van Suid-Afrika.

In die songloed van ons somer, in ons winternag se kou,
In die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou,
By die klink van huw'liks-klokkies, by die kluitklap op die kis -
Streel jou stem ons nooit verniet nie, weet jy waar jou kinders is.
Op jou roep sê ons nooit nee nie, sê ons altyd, altyd ja:
Om te lewe, om te sterwe - ja, ons kom, Suid-Afrika.

O U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, o Here! om te handhaaf en te hou-
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.

GRAAD 12 EKSAMEN

Die Graad 12's is amper klaar en skryf nog net Maandag.

	Oggend 09:00	Middag 14:00
Maandag 28 September	IGO Vraestel 2	